## 1 Februarie Josua 7

### *Moenie van God probeer steel nie*

God het bepaal dat alles wat in Jerigo gebuit word aan Hom toegewy moet word. Agan het egter gemeen dat God 'n paar klein goedjies nie sou mis nie. Hy wat Agan is sou immers baie meer nut daarvoor hê as wanneer dit verbrand sou word en die metale vir die prag en praal van versierde tempelgereedskap aangewend sou word. God maak dit egter aan die hele volk baie duidelik dat dit 'n baie ernstige oortreding is om van Hom te steel. Hierin het daar na Christus geen verandering gekom nie. Volgens Handelinge 5 het God die lewens van Annanias en Safïra geneem toe hulle selfs net teruggehou het van dit wat hulle gesê het dat hulle gegee het. God het aan ons alles gegee wat ons is en het. Jesus Christus het vir ons die hoogste prys betaal, naamlik sy bloed. Ons het nie nodig om van God te steel nie. Wie van God probeer steel gaan juis verlore omdat hy nie besef dat hy alles wat hy nodig het wel van God kry nie!

Sing: Psalm 65:3 Ds. H.B. Hattingh (Amanzimtoti)